



• **Gedigte**

*Bernard Odendaal*

Thabo ya Kreste	171
Sinestesie	172
Oom Henk Pierneef	173

*Hein Viljoen*

Pianis	175
Huwelik	176
Kantoormasjien	177
Broodgewoon	178

*Henning Pieterse*

Latent	179
Gevangenes	180
Impasse	181
Roukonsert vir Uys	182

*Tony Ullyatt*

Strangers at the altar	183
Your olive-green raincoat	184

• **Kortverhaal**

*Nelia Engelrecht*

En daar was lig	187
-----------------	-----

• **Paternoster Skryfskool**

Kortverhale	191
-------------	-----

Die rubriek *Litera* word finansiëel gesteun deur/  
The section *Litera* is financially supported by



SIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTIE  
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

### **Rubriek vir skeppende werk**

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

### **Section for creative writing**

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

*Bernard Odendaal*

## *Thabo ya Kreste*

(Vader Claerhout)

'n Mens sou die maklike lag van God wou inkleur:  
magrietjies pienk, skemers groen, die slaghaan vloekrooi tipeer;  
die land met sonneblom, die lyf met neutmuskaat insmeer;  
die dagbreekson in soliede jaspis vas wou kleur.  
Sou krabbelend Gods primitiefste vreugdes raak wou vat:  
die infame kurwe van 'n tiet, skurfte van 'n voet;  
die lakse simmetrie van lokasiehuisies, oorhoeks;  
'n kierieskraal Christus koersvas deur die grote Vrystaat.

Tog rym dit eenmaal nié. Dit bars uitbundig oral uit  
in rooigrasgeel, nagblou, olyfgroenlyf, nuwehoedpienk –  
'n skaterende palet wat elke kunsgreep ontglip  
en die vaste dans van lyne goedertieren oorspoel  
met die wonderlike ding wat hier by ons gebeur het:  
hoe God se onberekenbare vreugde Hom gewreek het.

*Augustus 1985*

*Bernard Odendaal*

## Sinestesie

(na 'n fiktiewe skildery)

Die oggend glip die oop gordyne  
binne,  
blakend –  
'n intense, blonde jongeling  
teen diep, dadelbruin skadu's;

stryk blosend oor die pluistapyt se pienk,  
oor syige hopies bra en broekieskous;  
aai oor blougrys plooiinge,  
pastel-lig gevleg  
in 'n afgevalle laken;  
betas 'n bedtafel se kristallyne vraag:  
smukdosies, 'n flessie iets, 'n snoer,  
'n blatante pienk krisant gestingel in 'n waterkraf;  
ontdek,  
op die pêrelgrys bed,  
haar ledemate, loom uitgespoel aan die oewer van 'n droom

– en wek,  
in 'n verrukking van sinne,  
sensasies van andermansekstase:  
bleek heupe maanlig  
beweeglik in die kantgordyn;  
naggeluide langgesliert soos parfume,  
soos strelinge;  
langsame boleros van die lyf ...  
oorstelping uit alle oorde  
en hortende ejakulasies van woorde.

*Bernard Odendaal*

## Oom Henk Pierneef

Hy tuur intens, vertrouwd, versot ver uit:

die Hoëveldlug oorhoops met stawelwolk, wit  
puilend;

die einders driekwartom dynserig oneintlik;

die wye glooiingsveld 'n ruwe plooiakars, spruit-  
deurkronkel, vleilandgelap,  
ruigtebeklos;

in 'n leegte,  
kantelrig aan 'n slap rooklint,  
'n kafferstat;

en hier, rommelig van rots en doringbos,  
die helling skuins omhoog na draaktandskadu's van 'n krans  
– 'n skans  
gebylhou  
deur die tyd ...

Later neem hy stif en passer, liniaal.  
Stip die fokuspunt. Haal tot vlakke deur.  
Versit die berge in balans. Bal saam  
die toringwolk. Golf die rûensveld, es  
'n sloom rivier. Sambreel die bome oop.  
Laat tuimel hier, laat daar steil styg. Hutjies  
lyk op klippers uit die stapelkrans geval ...

Hy staan terug; blik besorg, verlig – oorstelp  
dat kuns die wildernis so klein kan kry.

*Maart 1995*

# OmniBank

1234 Main Street, Suite 500  
New York, NY 10001  
Tel: (212) 555-1234

## Account Information

Account Number: 1234567890123456  
Branch: New York City

Branch Name: New York City  
Branch Address: 1234 Main Street, New York, NY 10001

## Branch Locations

1234 Main Street, New York, NY 10001  
5678 Broadway, New York, NY 10012

9010 Avenue C, New York, NY 10014  
11223 Avenue D, New York, NY 10016

4567 Avenue E, New York, NY 10018  
8901 Avenue F, New York, NY 10020

2345 Avenue G, New York, NY 10022  
6789 Avenue H, New York, NY 10024

1011 Avenue I, New York, NY 10026  
1314 Avenue J, New York, NY 10028

## **Pianis**

vir Hennie Coetzee

innig buig hy oor sy instrument  
glimmende swart hout wit ivoor  
strooi kristaldruppels deur die saal  
die note plooi hul na sy hande  
snare neem sy arms oor infiltreer  
die adellike kop deur die jare witter  
aan 't worde soos sy hemp die klawers eggo  
musiek vul sy kop en sypel in sy rug af  
hy haal skaars asem sy lyf neem  
die steinway se sonorante aanwesigheid aan  
soos die swart poot bewegingloos tril  
sy been op 'n swaar blinkbrons roller

*Hein Viljoen*

## Huwelik

tydens die oorbekende  
moet julle hoor hoe heilig  
seremonie 'n vlaag wind  
met Sy eie hand lug blaas  
deur 'n orrelpyp neem jy  
onverwags en dis of die kerse  
helderder brand wat skuif  
voor die venster weg  
verklaar julle regtens  
'n duif 'n wolk plotseling  
weggetrek lig ligter as lig  
brandende beurende vlam



Hein Viljoen

## Kantoormasjien

miskien is dit die nek  
wat eerste ingee – skokbrekers  
afgeslyt deur te veel buig, draai,  
te veel knik of dalkies swig  
en die oë, ja, beelde word –  
selfs deur 'n lens – te dof geregistreer  
om nog effektief te kan funksioneer  
ander bewegende dele raak ook kapot  
knieë, heupe, net steun-steun kom  
dit weer orent, kniel gaan eintlik nie  
smeermiddels help ook nie en dan  
die pomp wat aangepak raak van jare  
se gal en ander minder digterlike  
vloeistowwe laat sirkuleer versonke  
hoop frustrasie suur van verdriet  
en gesmoorde ideale vreet aan silinderwande  
prostaat gekneus gesit versper die afvoer  
van besoedelstowwe obstruksies in uitlaatkanale  
die hande knokkerig kan nie meer suiwer  
vat of netjies aanteken van die gees  
is daar nouliks iets oor dalk 'n hort  
of twee flou skaduwee van die vaart  
die vuur, die dinamiek toe hy nog  
nuut was. Geskik vir skroot. Sy  
dienslewe is verby. Gee hom 'n pakket.

*Hein Viljoen*

## Broodgewoon

vandag 'n dag soos alle dae  
opstaan skeer werk toe gaan  
terugkom eet slaap vaal  
van die niks nikswerd leeg  
voel my hart klop die son  
kom op pienkerig roos agter  
wolke my liggaam se prosesse loop  
kou asemhaal verteer ekskresseer  
goeie opelyf gehad vandag  
liefhê peins praat verbeel  
'n ordinêre dag dit is die ergste  
ek word van a na b vervoer deur  
'n meganiese wonder tik 'n gedig  
elektronies of korrespondeer met  
Gerda ver oor die water maak  
nouliks kontak met mense om my  
darem bewus van kinders wat irriteer  
'n lang storie vir Hans lees  
Willemien wakker maak vir skool  
hulle word amper vanself groot  
en ek het 'n week laas in die Bybel gelees  
wat 'n onsamehangende geteem  
so ordinêr soos die kind in die arms  
bed toe dra lang wimpers op sy wang  
sproetjies oor sy neus uiteindelik  
wonderbaarlik aan die slaap  
toelaat dat Maretha my lecture oor  
entrepreneurskap vir Daan aan die gis  
hou oor my planne niks het eintlik gebeur  
'n dag so gewoon soos volgraanbrood

## **Latent**

Vader, dis nou al sewe jaar  
dat ons jou daar  
in die voorstad van marmer en graniet  
alleen moes laat om tot niet  
te gaan tot iets soos stuifsand  
in die wind  
geskik vir boom en plant  
al is jou liggaam weg  
bly jou handewerk  
vervleg  
soos reënbooggare in die  
netwerk van ons erf:  
jou afdak vir die karavaan  
is waar my motor deesdae staan  
jou waterbessie is al hoog  
die rubberboom gooi steeds  
soos altyd blare af  
die groot papjaboom het  
van ouderdom verdroog  
soggens sing die voëltjies nog  
die goggas leef van blarevog  
die opslagkosmos spog  
heuphoog met blomme in die agterplaas  
in my sien almal jou:  
die stem, die stap, die sit en staan  
geneties is jy vasgelê  
vervleg in die negatief  
wat in my wag  
om tot wasdom te ontvou

1986

*Henning Pieterse (1956)*

## **Gevangenes**

vas vang God in sy geosfeer  
mens en dier om te vermeer

vas teen die akwariumruit  
skiet visse parend kuit

epigonies vasgevang vis ek beelde op  
wat lesers van my knittelverse hokus-pokus fop

## Henning Pieterse (1956)

# Impasse

(assimileer (ww.): verwerk, opneem,  
inneem, gelykmaak, aanpas)

veelal het ek as kind  
sukkelend stuk-stuk  
aan legkaartbrokkies op 'n tafelblad  
gemeet en pas  
nooit sou ek ooit vermoed dat  
swart en wit metterwoon  
in hierdie land van berg en dal  
gelyk sou pas

jare terug het ons mekaar  
op die haarnaalddraai in die koue bergpas  
reeds verleer  
nooit kon ons één keer eers  
hobbelloos glad impas bymekaar

vandag voel ek onhartstogtelik:  
impotent vir leef  
beswerend tel ek reëls  
meet klanke greep-greep af  
pen my drome  
tot swart sandsuikerskadu's vas  
op rimpellose reinwit waterpaspapier  
maak my mee-ster van die spel  
dat ek totaal kan impas  
as stippel in die poespas  
van die groot heelal

*Henning Pieterse (1956)*

## **Roukonsert vir Uys**

het jy die sonderlinge swerwer Uys  
geken?  
as jy het  
sal jy sekerlik verstaan  
waarom hy vandag so anders  
as ander op Onrus  
tot rus moes kom

eenvoudig is die kis met asters  
wit en geel bedek geel  
die kleur van sonneblom wit  
die kleur van hoop

geen roudiens  
net 'n roukonsert  
brenda fluit op maat van  
kiskatrol 'n stukkie Mozart, 'n gesang  
en die drie en twintigste psalm

sal sý verse steeds nie onbederf  
bó son en skadu swerf?

Beeld 14 Aug. 1987

*Tony Ulyatt*

## **Strangers at the altar**

Looking at altars  
through the light splintered  
by gorgeous windows  
I can almost see  
that man on his cross.

Then the quietness  
and the light offer  
a momentary  
but elusive glimpse  
into tranquillity.

Yet there is something  
in those shafts of light  
that stops me seeing  
enough to believe.

In every version  
of that special face  
I have seen someone  
I can recognise  
until I get close  
and we find ourselves  
strangers once again.

*Tony Ullyatt*

## **Your olive-green raincoat: variations on a theme by Leonard Cohen**

Your olive-green raincoat  
can never be famous;  
it's not even tattered or torn.

You bought it that summer  
the rain was quite heavy;  
since then, it has scarcely been worn.

And a man with a beard  
peers into train windows  
in search of his only true love.

He waits at the station  
for every arrival;  
her heart will fit his like a glove.

The widow is lonely,  
makes antimacassars;  
her cats are fed fat out of tins.

There's a clock ticking loud  
in a portrait-hung hall  
but no one to laugh at her sins.



The man watching tv  
craves someone to love him  
but his only friend is old age.

His sink's full of dishes  
and all of them dirty;  
your vases are full of dead sage.

And somewhere there's someone  
who's playing the piano;  
the music's been dead for a while.

She's singing a song of  
an olive-green raincoat;  
the words are so sad that I smile.

The dark night has fallen:  
now everyone's singing  
as stars peter out one by one.

And no one is bothered  
about crucifixions  
or just where your raincoat has gone.



# En daar was lig

*Nelia Engelbrecht*

Eers ná Christian het die dorpsmense verstaan. Van lig en van donker, maar veral van lig.

Hy was maar tafelhoog toe hulle op die dorp aangekom het. Hy en sy ma, Bettina, het in die wit huis langs die spruit kom woon, sodat hy na die kloosterskool vir blindes kon gaan.

Sy pa het nie van die platteland gehou nie; daarom het hy verkies om in die stad agter te bly. Buitendien het die mistieke band tussen moeder en seun hom stom en eenkant gelaat.

Vir die terloopse verbyganger, die enkele vreemdeling op die dorp, wat dit nie altyd duidelik wie van die twee siende was nie. Met hul arms deur mekaar s'n gehaak, het die vrou en seun gestap: soggens en smiddae tussen huis en skool, en teen skemer met die voetpad af na die spruit.

Daar, tussen die soet gras en die plons van visse, het die seun sy fluit opgelig en note sterlig oor hulle gesif. Met haar vingers omhoog, het sy ma verwonderd in die lug getas en met 'n glimlag die blink klanke teen haar gesig gedruk.

Die dorp was trots op die seun. 'n Musiekonderwyser het spesiaal een maal per week vanaf 'n buurdorp gekom om vir hom musieklesse te gee. Die seun het selfs so nou en dan stad toe gegaan, waar hy die een na die ander musiek-kompetisie gewen het. Mettertyd was die eens vergete dorpie 'n flikkering op die landkaart.

Die seun het veel meer as trots aan die dorpsmense gegee. In hom was hulle verlore jeug, hulle ou vreugdes en verwondering opgesluit. Deur sy musiek het hy dit alles aan hulle teruggegee. Met sy ontroerende klanke, sy onbevange lag en sy helder oë het hy rafels kleur in die jarelange vaalte wat oor die plekkie gehang het, geweef. Soos die son, kon hy onverwagte skakerings uit die kleurloosste skepsels kaats.

Mettertyd het die inwoners, asof uit 'n diep, droomlose slaap, wakker geword. Meneer Verhoef het die stof van sy verkwaste afgeblaas en die lendelam esel teen sy kombuismuur staangemaak. Jan Vermeer het weer lewe uit die

wilgerhout agter sy huis begin kerf en Marijke Bloem het aarselend die koel hout van haar viool onder haar ken gedruk.

En bo-oor alles, soos 'n wakende engel, was die silwer lig uit Christian se fluit. Wanneer hy gespeel het, het die dorpsmense met ontsag gefluister dat hy nie die aarde nie, maar die hemel sien.

In die klooster het die nonne saans 'n spesiale kers vir die seun aangesteek. Hulle het hul hande saamgeslaan oor die enkele lig wat selfs die verste hoeke van die kapel geel en warm laat gloei het.

In die skemeruur, wanneer die wind die seun se ligte fluitspel deur die dorpie gedra het, het die priester sy kop gebuig en gedink aan die Lig wat gekom het om in die duisternis te skyn. En hy het gesien dat die duisternis die Lig nie oorweldig het nie.

In die kroeg het die drinkers en geselsers vir 'n paar oomblikke stil geraak. Terwyl hulle geluister het, het hul beplooide en bebaarde gesigte bo-aards in die roserige laatlig geblink. Daarna het hulle geglimlag en hul gesprekke hervat, maar gedemp en murmelend, asof uit eerbied.

Langs die swaar kastrolle, die muwwe wasbalies en die stryende kinders het die vroue orent gekom en dromerig geluister na die note wat skoon, soos wigtgewaste duiwe, deur hul vensters vlieg.

Selfs die kinders het nie onaangeraak gebly nie. Want Christian se musiek het die bestaan van nimfe en onskuld bevestig en vertel van die heerlike misterie van toekomstige dinge.

Dit was juis die kinders wat hulle gevind het.

Vervleg in die dryfhout het hulle oop-oog na bo gestaar, hulle arms steeds ingehaak. Op die seun se gesig was 'n uitdrukking van intense verwondering, asof hy in die laaste moment plotseling oorkom is deur al die kleure en al die skoonheid waarvan hy nog altyd net moes droom.

Betower deur sy fluitspel, het die seun en sy ma nie die onaardse gegrom van die stygende water gehoor nie. Ná die reëns hoër op teen die berg, het die donker spruit hulle dié middag onverwags en met ongekende brutaliteit gegryp en meegesleur.

Daarna het die wolke daelank swaar oor die dorp gehang en elke stippeltjie lig verdring. Op die derde dag het die droewige tou mense die twee kiste moeisaam teen die heuwel op gedra.

By die graf het die priester sy kop gebuig en geroep na die Lig wat in die duisternis kom skyn het. Die nonne het vergeefs die flikkerende kerse met hul

bakhande teen die wind probeer beskerm. Die dorpsmense het hul koppe skeef gehou en sonder hoop geluister.

Die seun se pa het met sy rug na die dorp gestaan en net die vreeslike donker tussen die grimmige wolke gesien. Daarom het die wonder by hom verbygegaan.

'n Jong vrou het dit eerste gesien. Haar verbaasde uitroep het die stilte van bo na onder oopgeskeur. Die dorpsmense het opgekyk. Die lig het eers in 'n tenger streep deur die grys marmer gebeur. Toe, asof weggestoot deur 'n onsigbare hand, het die donker massas meegegee. 'n Magtige vloed lig het uit die hemel gestort en in goud oor die dorp gegolf.

Hulle voete het asof vanself die pad terug gevind. Hoe nader hulle aan die dorp gekom het, hoe duideliker het hulle dit gehoor: fluitklanke wat lang, dun lyne tussen hemel en aarde span.

En oral – rondom hulle en in hulle – was daar Lig.



## **Skryfkursus vir swart Afrikaanse skrywers Paternoster (1995)**

Die kortverhale wat in hierdie gedeelte van LITERA geplaas word, is almal die produkte van 'n skryfkursus wat na die tweede simposium vir swart Afrikaanse skrywers op Paternoster aangebied is in Oktober 1995.

Omdat gepoog is om die verhale se eiesoortige egtheid en spontaneïteit te behou, is so min as moontlik deur my of die Redaksie verander aan die verhale se struktuur en verhaallyn. Tydens die driedagkursus kon die skrywers egter self hul werk redigeer.

Die beperkte publikasiemoontlikhede vir jong Afrikaanse skrywers het die Redaksie laat besluit om met dié publikasie iets vir die jong Afrikaanse skrywer te doen. Met hierdie verhale word ook geïllustreer dat Afrikaans in baie stemme kan praat!

Ons dank aan Afrikaans Stereo vir finansiële ondersteuning om die publiseer van hierdie afdeling van LITERA te help moontlik maak.

Hans du Plessis

Direkteur, ATKV-skryfskool van die PU vir CHO

# ATKV-Beleidsplan 2007-2010

## 2007-2010

De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten. De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten.

De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten. De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten.

De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten. De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten.

De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten. De beleidsplan 2007-2010 van de ATKV is gebaseerd op de beleidsplannen van de provincies en de gemeenten.

Handwritten signature

ATKV afdeling van de ATKV



# Skryfkursus vir swart Afrikaanse skrywers Paternoster (1995)

## Inhoudsopgawe

Sien, hoor, praat: geen kwaad	<i>Heinrich Wyngaard</i>	195
Balman versus Balman	<i>Enrico Parry</i>	199
'n Bok vir 'n gaping	<i>Willem Fransman</i>	203
Mis	<i>Kirby van der Merwe</i>	209
Marigoldstraat, die 'main road' vannie scheme	<i>Leonard Koza</i>	213
Brandewyn en coke special	<i>Ingrid Geldenhuys</i>	219
Liefde leef ... boemelaar of te not	<i>Abigail Smith</i>	225
Frans Mouton se tuiskoms	<i>Edwina H. Fransman</i>	229



# Sien, hoor, praat: geen kwaad

*Heinrich Wyngaard*

Dit was 'n sonskyndag op Caledon, met 'n paar wolkies hier en daar in die lug – soos gister in die Kaap – toe ek daai Dinsdagoggend gereed maak vir my eerste skooldag. Vir die begin van 'n staptog wat twaalf lange jare sou duur.

Omdat ek eers teen einde Julie verjaar, was ek al sewe jaar oud toe ek saam met my suster, Leona Susanna, by die huis uitstap Swartberg Primêr toe.

Ek was nie baie opgewonde oor die vooruitsig van skoolgaan nie, want om by die huis te bly en heeldag te speel, was vanselfsprekend lekkerder. Maar omdat ek uitgevat was in my nuwe skoolklere het ek nie gemaaind om enige plek te gaan nie. (Nuwe klere was in daai dae nie elke dag se ding nie.)

By die skool aangekom, was daar 'n miernes van woeling voor die kunsklas waar die nuwe sub-A'tjies – die meeste met snotneuse, vaal strepe oor hul skurwe wange – ingeskryf moes word. Ma's het sonder ophou met mekaar geklets oor huissake en die prys van skoolgoed wat wragtag al weer op is, terwyl die kinders verskrik rondgekyk het.

En toe, enkele minute voor die kletsers en die verskriktes by die klas moes ingaan, los my suster my toe alleen om betyds by haar eie klas te wees.

“Gan sam in assie anner mense ingan,” het sy gesê, voor sy weggestap het. “En as hulle jou naam sê – jy weet moes hoe's jou naam? – gan jy vorentoe.”

“Ja'k sil,” het ek kopskuddend geantwoord. En toe's sy daar weg.

Maar toe die instappery uiteindelik begin, is ek op die ou end alleen buite. Ek het so 'n rukkie gewag om te kyk of iemand my gaan kom roep, maar toe niks gebeur nie, besluit Leona Susanna se bybiebroer (die jongste van Karel en Kitriena) om terug huis toe te gaan.

Net ná ek egter met my rooi brandweerwaentjie met die een stukkende wiel begin speel het, het 'n antie van my wie se kind ook dié dag begin te skoolgaan het, aan die deur geklop.

“Kitriena!” het sy geroep.

“Mammie’sie byrie hysie,” het ek gesê.

Maar sy het nie regtig na sy ma kom soek nie, het sy my van buite af laat verstaan: sy het my kom haal, het sy gesê, en my skool toe gedra ...

En dis omtrent al herinneringe wat oorgebly het van daai eerste skooldag, amper twintig jaar gelede. Daar was wel nog iets wat my opgeval het toe ek by die klas instap; wat dit was, kan ek egter nie nou oproep nie.

Ek weet wel dat toe dit naweek word, het ek my ouers vir die eerste keer sien baklei. Op hoërskool het ek ’n opstel daarvoor só begin, en goeie punte daarvoor gekry: *“’n Dronk man en sy dronk vrou baklei een aand oor-weet-nie-wat-nie in hul kombuis. Dis my pa en my ma. Die hele dag het hulle saam met ander mense gedrink, gesing, gelag. Maar net toe die mense weg is, het die bakleiere begin.”*

Dit was ’n Saterdagmiddag in die middel van die winter, en buite was dit al donker. Ek het by my suster op die kooi in die kamer gesit en hartseer gehuil, terwyl ek aanhoudend by die kombuis ingeloer het. Dit het my suster geïrriteer. “Hou jou mond, man,” het sy gesê en my dan teen haar vasgedruk.

Die wekker op die spieëlkastie langs die kooi het net verby sewe-uur getik. Dié tyd van die aand begin die jongmense van Caledon se bruin buurt, Bergsig, gewoonlik regmaak om disko toe te gaan; die Apostolies hou biduur of ’n koffiekroeg; ’n paar dronkies sit en tiep by die smokkelhuis.

In die kombuis het my ma ’n bord kos in my pa se gesig gegooi. My pa het kwaad geword en het haar omgestoot dat haar kop teen die rand van die tafel kap. ’n Pierinkie het van die tafel geval, stukkend.

“Ooo jere, my kop,” het my ma gehuil.

“Djy wil mossie fokkienwil ophou nie,” het my pa gesê. Voordat hy by die huis uitgestap het om nog wyn te gaan soek. Sonder om my ma op te help.

My suster het ’n waslap gevat en die bloed van my ma se gesig afgevee; sy’t ’n stuk ou laken as verband om my ma se kop gedraai. Daarna het sy die deur toegemaak en die kers in die groen blaker doodgeblaas.

Die volgende oggend was my ma se gesig lelik opgeswel en het sy besluit om in die kooi te bly. Ek het buite in die Sondagsonnetjie met my rooi brandweerwaentjie met die een stukkende wiel gespeel. My suster, Leona Susanna, het rys op die stoof gesit, die kombuis uitgevee en die splinters van gisteraand se pierinkie opgetel.

My pa was nog nie by die huis nie.

Op my eerste skooldag, onthou ek nou, is dít wat eerste my aandag getrek het toe ek by juffrou Daniëls se klas ingestap het: 'n Beeldjie met drie apies op die rak.

Een van hulle het sy oë toegedou.

Een sy ore.

Die ander een sy mond.



# Balman versus Balman

*Enrico Parry*

“Gaan was jou eers, asseblief,” versoek hy haar beleefd, “en los die badkamerdeur oop. Ek sal myself tuismaak hier. Ek ken mos darem al die plek.”

“Natuurlik.”

Sy knik, met een van die glimlagte wat sy vir haar eie mense wegbêre. Soos sy die badkamer binnestap, laat val sy haar cream satynjapon, wat ’n teekol op die voorkant het.

Hy sien haar kaal rug en vol sitvlak.

As sy die badwater intap, loop hy vinnig na die japon toe, tel dit op en hang dit oor die stoel wat voor die dressing table staan. Sy eie klere hang hy in die klein, netjies afgewerkte hangkas – die gitsswart broek met sy gestrykte witstreepsakdoek in die een sak, die spierwit langmouhemp bo-oor. En die sagte, ou jersey. Die jersey wat haar so pla.

Die tweede keer, dink sy, terwyl sy die spons water oor haar gesig spoel. En die laaste keer, belowe sy haarself plegtig. Sy staan op, klim uit die wit bad, en draai die groot handdoek om haar off-white liggaam.

Hy het intussen onder die duvet ingekruip. Hy lê op sy rug met sy kop op sy hande. Sy oë is toe. Dis die tweede keer. Hy jaag haar kaal liggaam uit sy gedagtes uit en maak vinnig sy oë oop – sy’t die ligte afgesit, soos hy gevra het laaskeer.

Dis donker.

Hy voel haar kaal liggaam warm langs hom inkruip. Sy oë is oop, en hy sien niks, niemand.

Sy begin saggies, soos twee weke gelede, dieselfde weeksaand. Dieselfde skoon, agtermekaar kamer.

“Na gelang van die kerkraadsvergadering, spyt dit my om u mee te deel dat u dienste as leraar van die gemeente hiermee beëindig word. U word versoek om

die pastorie binne drie maande van bogenoemde datum te ontruim ...”

Sy kry eers seer as sy tong dringend oor haar borste speel, tot dit ferm word van ingehoue plesier. Hy is teer en lief met sy liggaam, sy pynlik netjies instandgehoude mansmenslyf.

“Weet jy wat se redes gee hulle nogal aan?” het hy vir haar gevra ná die vorige keer, toe hulle agterna in pikdonkerte gelê en rook het aan haar Pall Mall pakkie.

“Wat? Hoe het jy hulle kwaad gemaak?” het sy gevra.

“Onhigienies – ek ruik na sweet; ek spoel nie die toilet af as ek klaar gepie het nie, ek was nie. ‘Dominee Balman, u trek nie die toilet af as u klaar is nie.’”

Hy het mallerig gelag.

“Spoel jou pis af, John Balman! Was jou lieste, Jan Balie!” het hy hard geskree.

“Sjj,” het sy gepaai, haar sigaret in die vol asbak doodgedruk, en haar arm oor hom gesit, soos met ’n verleë kind by die skool.

Sy oë was souterig toe sy dit soen.

“Sjj, ek is hier. Delia is by jou, John. Sjj.”

Hy het teruggesak en bewerig gefluister.

“Jy moet jou was, asseblieftog!” het sy gesê. ‘Skandelik!’ is wat sy gesê het.”

Hy het stilgebly vir ’n oomblik, “Ja-nee, Mister Balman. Mense wil van ’n skoon mens ’n lewenspolis koop. Personell Manager se vereiste.”

Delia soen sy naeltjie. Vanaand, soos die eerste keer, is hulle altwee stil. Net hulle lywe wat sweet en spoeg en seks praat.

Eers as sy ook haar tevredenheid bereik, dan sal hulle gaan was. Eers hy, dan sy.

Dan gaan hulle rook. Pall Mall, uit sy pakkie.

Hy kreun as sy bo-op hom sit ...

“My vrou is vroeg uit my uit,” het hy daardie Woensdagaand sy storie vertel,

“Die dominee het seker té veel gestink.”

“Jy stink nie nou meer nie,” het sy gesê.



Hy het gesmeek om háár te sien, al sou dit net wees om met haar te praat – die mooiste meisie van die huis.

Hy moes uithaal en wys.

“Special requests, special payment raise, Mister Balman,” het ou Miesies Pietersen gesê, “Deedee is a very special girl. And not stupid at all.”

Sy het minder as hy gerook.

“Ja, ek stink nie nou meer nie.” Hy het ’n lang ruk stilgebly.

“Beslis nie. Netjies en skoon,” het sy geantwoord.

“Netjies en skoon,” het hy haar herhaal, “Netjies en skoon wou sy hê; en toe sy dit uiteindelik nie kry nie, het sy geloop. Met altweetjies my meisiekinders ... Eerwaarde Dominee J.J. Balman hiermee gedagvaar om op 3 September in hof nommer twee van die Magistraatskantore by Hoogstraat 17 te verskyn in die saak A. Balman versus J. Balman.”

“En waar is A. Balman vandag?” Delia het met die rook kringe in die donker geblaas.

“George, Pacaltsdorp, Delville Park, Pumastraat drie-sewe-drie. Met ’n jong onderwyser twee jaar jonger as sy. Op die hof.”

Daar het hy opgehou. Sy het later self begin vertel, maar net sóveel.

“Ek doen dit nie vir die geld nie.”

“Nié?” het dominee gevra.

“Kyk, jy leef nou maar eenmaal met ’n byl oor jou nek as jy onderwys. Maar jy kry dárem nog jou tjek elke end van die maand,” het sy geantwoord, sonder dat die toon in sy stem haar gepla het.

“Klere, kos, ligte en water,” het hy haar uitgawes gelys.

“En spaar vir vakansie,” het sy bygevoeg.

“Nou waarom dan? Hoekom dan dít?”

“Ek geniet dit. Elke oomblik daarvan.”

Vanaand het sy haar finaal uitgeniet, dink sy as sy weer langs hom inkruipe ná die was.

Hulle lê stil langs mekaar. Hy rook nie. Haar pakkie lê toe op die bedkassie.

Hulle bly toegemaak in hulleself. Swaarmoedig.

Na 'n ruk staan Delia op, trek haar aan in die donkerte. Panty, broek, bloes, skoene.

Sy stap deur toe en hy kyk na haar soos sy in die deur staan, met die gang se lig wat haar omlin. Hy wil dit nie hoor nie.

“Jy vra nie weer vir my nie, Dadda.”

# 'n Bok vir 'n gaping

*Willem Fransman*

Ons huis is naby 'n kroeg in die hartjie van die stad geleë. Die kroeg is 'n klein ou plekkie waar die manne tog te lekker kan kuier. Tot hul vroue se ontsteltenis! Dit is 'n lekker plek, want daar ontmoet jy allerhande karakters. En vang die manne goed gees! Ek gaan dikwels daarheen. Want my vrou weet: ek vrek oor 'n mooi storie. En dáár loop hulle op twee bene, my maat. Maar dis nie die enigste rede nie. Eintlik hou ek nie daarvan om my jenuwertjie alleen te drink nie.

En dit was dan ook daar dat ek met oom Sarel Grootlieg kennis gemaak het. Grootlieg was blykbaar nie sy van nie, maar in 'n kroeg vra niemand mos jou van nie!

Oom Sarel was 'n karakter in eie reg. So asof die tyd vir hom stil gestaan het. Die mense weet te vertel dat hy net nooit sy hoed afhaal nie. Ook nie in die kerk nie. Dit was 'n vilthoed wat met 'n tiervelband afgerond is. Dit het al baie son en wind getrotseer. Ek het in my sondigheid gewonder of die oom die hoed afhaal as hy bed toe gaan of ...

Die dag toe ek oom Sarel ontmoet het, het hy nie bedsake op die brein gehad nie, maar sy geliefde sport, rugby, op die hart. Ek verstaan dat hy almal altyd as swaer aangespreek het. Vir my was 'n swaer nog altyd my vrou se broer of my suster se man of die een met wie se vrou jy 'n skelm verhouding het! Ek weet nie waar hy my geplaas het nie. Ek was tog op geen manier familie van hom nie. En sy vrou was ook al jare lank onder die kluite!

“Swaer” sê hy met 'n lekker dop brandewyn in die hand, “Hierdie oom van jou kan nie glo dat daar nou so 'n groot ophef van die Springbokspan met die blommetjies op die bors gemaak word nie. Lyk my almal het gerieflik vergeet van die befaamde span van die Vyftigs.”

“Kyk Swaerie, hierdie omie van jou is as't ware met 'n rugbybôl in sy hande gebore.” Hy maak homself gemaklik, bly vir 'n rukkie stil. Toe hy opmerk dat hy my onverdeelde aandag het, neem hy weer 'n teug aan sy brandewyn, en vervolg.

“Die doktertjie daar by Putsonderolie se kraamhospitaaltjie, dis nou waar jou omie gebore is, kon sy oë nie glo toe ek uit die oond gehaal was nie.” Die oom vertel met ’n stem wat swel van trots hoe die dokter aan die verpleegster gesê het dat hy nog nooit so ’n baba met sulke groot hande gesien het nie. Ook die lenige armpies en die spekke agter die onderbene was vir hom ’n rariteit! Toe uiter oom Sarel Grootlieg die woorde wat my byna aan my jengewertjie laat stik.

“Swaer, toe sê die doktertjie wragtag: ‘Hier is vandag ’n Superspringbok gebore’. Ek meen, Swaer, dit was eintlik profetiese woorde wat daai dag gesprek was!”

“Oom Sarel, wil Oom vir my sê al die uiterlike tekens van Springbok wees was toe al teenwoordig? Ek meen, oom, ek praat nou van bôl sense, side steps, spoed, drop, place and score, alles! Maar oom, dis mos ongelooflik!”

Oom Sarel het my met sy swaar kop en deurpriemende oë aangekyk asof ek die eerste keer in my lewe die waarheid gepraat het.

“Hoe dan anders jong. Iemand van my portuur kom maar eenmaal in ’n leeftyd. Jou oom het sommer gou gewys talent staan regoor hom geskryf! Ek was bestem om gou roem te verwerf en Springbok te word!” Terwyl hy dit sê, bekyk ek hom deeglik.

Die man oorkant my kon nog vir die dorpsspan uitgedraf het, maar vir die Springbokke! Dat hy groot is, is duidelik, dat hy hande soos twee kalkoene had, was ook duidelik. Die wynglas was dan skaars sigbaar daarin. Boonop het sy arms my eerder laat dink aan dié van ’n oerang-oetang. Maar ek kon vir geen oomblik die oom sien as ’n Springbokrugbyspeler van weleer nie.

Die oom se rasperstem ruk my tot die werklikheid:

“Kyk, Swaer, toe ou Brandy Cockroach en sy vlieënde All Blacks by die middel van die eeu hier kom toer, het almal gesê dis verby met Springbok se kind! Hulle was ’n formidabele span, met ’n manjifieke rekord. Hulle het vyftig wedstryde en sestien toetse gespeel en in almal koning gekraai.”

“Hulle was nou vir jou,” borduur die oom voort, “’n klompie vlieënde geraamtes. Ongelooflike voetvlugtiges, ek bedoel vlugvoetiges! Reusagtig, biltongtaai en balhonger. Een koerant het selfs geskryf hulle was bal-orig, want hulle kon ons vroue eenvoudig net nie uitlos nie!”

My mond hang nou behoorlik oop. My dop skoon vergete! “Kyk, Swaer, hulle was nou ’n goed ge-oliede rugbymasjien wat al die provinsies vir brekfsis opgeëet het.” Ek kon my indink watter vreesaanjaende gesig hulle moes wees. Verbeel jou, ’n rugbyspan wat uit vyftien Jonah Lomu’s bestaan! Ek sê dit ook vir oom Sarel.

“Kyk Boetie, almal, tot die nasionale keurders was met ’n soort van lamsiekte geslaan. Alle koerante het dit dan ook uitgebasuin: ‘Swart gevaartes gaan arme Bokke lewendig verslind!’ ‘Dis verby met die Groen en Goud.’ ‘Bokke se uur het geslaan!’”

Ook maar goed dat ons nasionale keurders die Bokke destyds van koerante af weggehou het! Dit sou mos enige mens ontsenu het. “Oom Sarel, dit sou mos enige mens die ritteltit gegee het”, sê ek gemaak ernstig.

“Swaer, jou siddering is als puur verniet! Dink so ’n bietjie man. Jou oom Sarel was dan al daar. Wat het daai dokter-profeet, wat jou oom gevang het, gesê? ... Tjaag, jy is ook maar dom!”

“Ek het nie vergeet nie, Oom, maar een swaeltjie maak mos nie ’n somer nie? Hy maak dan nie eens ’n nes nie!” Nou was die oom behoorlik kwaad! Of so het ek gedink! “Ek sien jy is nog nie so bekend met jou oom se talente nie, maar laat ek jou dan inlig! Op daai toer van ou Brandy Cockroach en sy lot, het één swael, ’n groot intelligente, almintige balhorige bliksemstraal (dis nou jou oom), op die rugby-horison verskyn en in die Bokspan nesgeskop.”

Nou het die oom my volle aandag. Op die manier waarop hy hom regskuif, kon ek agterkom, hier kom ’n storie!

“Kyk, Swaer, toe die Springbokkeurders daai nag om twaalf-uur hul span oor die radio aankondig, daar was toe mos nog nie televisie nie, was daar net nege spelers in die span. Agt vories en een besondere talentvolle reus in die agterlyn. Dit was duidelik dat hulle lank oor die spansamestelling gedink het.”

“En wie was die besondere agterspeler in die unieke Bokspan, Oom?” vra ek heel geamuseerd. “Kyk swaerie, daai negende man, was jou oom Sarel, die nimlike. Wie dan anders, of het jy al weer die dokter-profeet se woorde vergeet?”

Toe voel ek eers ’n gek! Ek moes mos reken dit was die oom, dis dan sy storie! Gelukkig vervolg die oom.

“Ou Brandy en sy spul het hulle natuurlik vrek gelag, maar die Volk het gewet: die keurders weet wat hulle doen! Kyk, Swaer, toe’t ons nog in die keurders geglo!” Hy gee my ’n deurpriemende kyk, gooi sy kop agteroor dat ek vrees sy hoed sal afval en slaan die laaste van sy brandewyntjie weg. Met ’n veeg van die rugkant van sy regterhand oor sy mond vervolg hy:

“Van die afskop af was dit duidelik dat ons ’n anderste wedstryd sal hê. Met die eerste skrum het Pissie Piston die bôl vinnig gehaak. Die slotte en die agsteman het gangetjie gemaak en toe skiet daai bôl in jou omie se wagtende hande! Kyk, dit was nou ’n triek wat ek en ou Pissie lank geoefen het! Ek

swaai toe hierdie lang slangarms van my en skiet die bôl so met 'n boog uit na die fly-halfposisie. In dieselfde beweging dra hierdie bene van my my lyf en ek vang die bôl in 'n afwaartse gang. Toe slinger ek die bôl na die binnesenter en voor die Alls weet wat hulle getref het, is jou omie weer daar. Ek gryp die bôl en gee 'n kort aangee na die buite-senter." Ek is nou saam met die oom in die wedstryd! My jengewertjie skoon vergeet!

"'n Swart hand", vervolg die oom, "wil die bôl intersep, maar jou oom se hand is eerste by en ek slinger die bôl vinnig vleuel toe! Die All Blackvleuel wou jou omie tackle, toe gryp hy in die lug! Ek systap binne en buite toe (sy kop maak die bewegings), gooi die verdediging heeltemal oorhoops, uiter my vreesaanjaende strydkreet en gaan druk onder die pale. Die skare was rasend. So iets was nog nooit in 'n toetswedstryd gesien nie!" Sy oë blink van trots, of was dit die voggies wat die trane so vinnig na die oë laat skiet het?

"Toe skop ek nog die bôl so hard met die verwyfskop dat dit soos 'n vrot tamatie oopgebars het. Gelukkig was daar soveel krag in die skop dat dit tog oor die dwarslat geseil het."

"Oom was toe sommer skrumskakel, losskakel, binne- en buitesenter en vleuel. Hoef ek dan verder te twyfel? Ek het darem 'n uithaler oom!" sê ek gelate en drink die laaste van my jengewertjie.

"Kyk, Swaer". Hy beduie aan die kroegman om sy glas weer te vul sonder om van sy storielyn af te wyk. Dit lyk nou asof sy borskas so 'n paar millimeters verder uitstoot van trots. "Daai dag het ons Brandy Cockroach en sy lot cleaners toe gevat. Hulle doppies was behoorlik geklink. Jou omie het dwarsdeur hulle voorspelers vore getrek, self losskrums afgedwing en gewen en vier drieë gedruk. Dis nou behalwe die drie ander wat ek vir die voorspelers help druk het! Daai dag het ons hulle met 'n rekordtelling geklop wat tot vandag toe op die boeke is!" sê oom Sarel Grootlieg en neem weer 'n sluk van sy dop.

"Oom meen, die Bokke van vandag was verniet so bang vir die Jonah Lomument? Hulle moes net by Oom kom kers opsteek het! Of beter nog; hulle kon Oom as hul spesiale adviseur aangewys het. Ek meen, met so 'n lewendige legende tussen ons het ons mos niks te vrees nie!"

"Ag Swaer, wat sil hulle nou so 'n verrimpelde ou bleeksiel soos ek naby hulle wil hê. As jy klaar vir jou volk en vaderland rugby gespeel het, dan vergeet almal van jou. Jy kry nie eens 'n ou gratis kaartjie vir 'n toets nie. Laat staan nog spesiale adviseur!" Daar sak 'n somberheid oor hom as hy lank na sy glas staar en met sy vinger oor die glas se rand trek. As hy opkyk, is die vonkel skielik weer terug.

“Swaerie, ek moet darem sê, ons het daai Alls goed opgemoer. Hulle was nooit weer ’n force in internasionale rugby nie.” Ek kyk hom met groot deernis aan, want ek weet dat hy pas die grootste klomp bog kwytgeraak het. Maar hoe laat ek hom verstaan dat ek niks glo nie.

“Oom, ek glo nou dat dokters, omdat hulle babas gewoonlik eerste sien, wel profetiese woorde kan spreek. Oom het so wragtag ’n Superspringbok geword,” sê ek en klop hom op die skouer.

Hy staan stadig op, raak met sy regterhand aan sy hoed in ’n groet-aksie en beweeg deurwaarts. Sê nou net vir een oomblik die oom se storie is tog waar! My oë volg hom soos hy uitstap. Aanvanklik dink ek hy is behoorlik gekoring van twee dubbele brandewyntjies. Toe tref dit my tussen die oë. Die oom is nie só dronk nie. Oom Sarel het ’n horrelvoet.

*(Opregte woorde van dank aan my vriend, Nic Venter, wat die idee van die storie verskaf het.)*





# Mis

*Kirby van der Merwe*

Vanoggend bly ek op die paadjie, hoog teen die slaap van die berg. Die Kaapse mis hang nat en lood en pleister die berggrasse teen die walle. Die sig is nul en die lug is stil, net die mis wat diep en stug oor die klowe lê. En die bekende bergpaadjie is 'n stomp, newelagtige tunnel.

Die landskap van see, berg en biesies en boom en bas lê dig in die mis se wintervag. Die geure van klam grond en saggeweekte blaar hang gesuspendeerd, soos fyn druppels. Ek word mis, afgebreek in my elemente, die mis vloei deur die holtes van my oë en my ore en ek word deel van die massa wat strek oor die ganse bergreeks, oor die see, tot by die doodkoue suidpool.

En ek hoor hom, eers die ligte trilling op die senuweedrade van die mis. Dan sy voetstappe, ferm en vinnig. Sy drif brand 'n tunnel deur die gestolde mis.

Die oerinstink van die jagter suur in my maag en die adrenalïen val amper uit my mond uit. Sy intensie golf voor hom uit en dit rol teen my rug op en krewel oor my kopvel. Ek is reg vir hom, al my sintuïe gekonsentreerd. Kom wat wil, hy sal hom ook teen my vasloop. Soos die jongmanne wat op mooi dae die berg opgejaag kom, aangehits deur testosteron en die matelose arrogansie van die jeug. Sal ek hom ook voorlê, vooruit strompel soos 'n gekwete voël, hygend sweet en so nou-en-dan vooroor staan met my palms op my knieë, maar skelm, skelm onderlangs loer, hulle uitlok om my verby te steek. Maar ek hou hulle net op die fyn tergende afstand. Ooreis hulle en gee dan skielik in. Dan sit en wag ek vir die valse glimlag, die vriendelike groet en die bemoedigende woord. Maar dis die glinstering in die oog waarna ek soek. Watter vermetelheid om my te wil gebruik om hulle krag teen te meet! My te wil gebruik as maatstaf van hulle gewaande manlikheid asof ek net 'n klein trappie is waarop hulle met hulle ego's kan klim. Ek laat my nie gebruik nie.

Ek sal self die eerste fyn krakie slaan. Die kraak wat hulle uiteindelik sal afbreek tot brokstukke. Die pynlike besef van hulle mortaliteit, nietig, soos die rotsbrokkie waarop ek hier trap.

Dan slaan ek gevoelloos toe, sê vinnig in die verbygaan tot siens en hardloop katagtig onder hulle uit. Wanneer ek hulle later weer op die berg raakloop, ignoreer hulle my, maar ek voel niks, ek voel heeltemal niks. Dis dan juis my beloning: die dikbek en die geknakte stert.

Dit wil tog gedoen wees, op my ouderdom. Ek is 'n gesonde 38, goeie longe en as ek self so moet sê, ek het nogal 'n paar sterk bene. Maar nou bewe hulle, van afwagting en my hart klop in my nek. Die bloed ruis in my ore soos die see, onsigbaar, hier naby op die rotse.

Dan is hy op my.

Heeltemal uit pas met die prentjie wat ek vir myself voorgehou. het. Uit pas met die berg en die teësinnege weer. Middeljarig en die tekens van die middeldertigs het reeds in sy stywe grys langbroek kom sit. Sy stywe bont t-hemp beaam sy minagting vir die winter en vir die nat mis wat soos toegerypte spinnerakke aan elke boomtak, fynbos en in ons hare koek. Al wat hy met hom saamdra, is die eenaardige instrument wat my dwing om te vra:

“Wat se snaakse ding is daai, my broer?”

“Weet jy dan nie? Dis 'n metal detekter.” Dit sê hy ietwat geïrriteerd, seker om my te intimideer, maar voeg dan tog by asof hy my gedagtes kan lees: “Ek het al baie geld opgetel, daar waar die Boere vroeër vir goud gegrawe het, maar verskoon my, ek het nog ver om te gaan.”

“Wat het jy sover opgetel?” vra ek nog agter hom aan. “'n Klomp pennies en 'n tiekie.” Ek weet sy sarkasme was gemik om my uit te lok, of om my op my plek te sit.

En die mis sluk hom in, self sy voetval versmoor.

Ek lig my bene, ek moet hom inhaal, binne trefafstand bly, maar hy's weg. Ek slaan oor in 'n draffie om net sy voetstappe te hoor, dan weet ek ten minste waar hy is. Ek verbeel my dat ek hom voor my tussen die bosse sien vleg, maar hy bly net tergend buite die bereik van my sintuie. Maar, dit weet ek beslis, hy sal nie wegkom nie, al moet ek hom inhardloop. Van wegkom kan hy maar vergeet, oor my dooie liggaam miskien ja. Maar hy's net weg, soos 'n gees wat hierdie skemer-oggend, deur voorafbepaalde tyd en noodlot homself vir 'n oomblik kom manifesteer, hier kom ambraal en jou voortaan kwel dat jou nagsweet mis word. Jou laat wonder of hierdie oggend se besondere digte mis nie ook maar net die kondensasie van die nagtelike gesweet van al die menigte gekwelde siele is nie.

Nou gee ek nie meer 'n duiwel om nie. Hy sal nie wegkom nie, al verloor ek iets in die proses of al moet ek ook tromp-op in hom vas hardloop. Ek hardloop

sommer deur poeletjies, bars deur die erikas en heide wat donsig glim onder hul las van duisende druppels.

Die sproei lawe my stomende gesig. Die koel water meng met my warm sweet en die pekel loop in my oë, in by my lippe en my tong kwyl. Ek is deurnat van sweet en sagte reën en ek droog my gesig met my hande. Teen 'n steilte op, soos die paadjie al hoër klim, gruis die sandsteenbroke onder die trekkersole van my harde bergstewels. Die grens van die gruis word die grens in my bors.

Op 'n gelykte sien ek figure in die mis. “Jou broer is daardie kant toe”, sê 'n lang ou, 'n regte Mountain Club of S.A. old boy tipe. Ek voel skaam dat hy die spel kon snap en kwaad – eintlik hoogs verontwaardig dat hy my teenstander as my broer kon aansien. Maar die breuk gee my die kans om my bril skoon te vryf, en toe sien ek waarom: die mis het intussen gelig en die groep kon die jagtog van die hoogte af aanskou.

En opeens sien ek hom, soos 'n bobbejaan teen die steil paadjie op skarrel. Ek voel verlig, nou weet ek presies waarheen hy op pad is. Die steil paadjie hang soos 'n lang dun rafel teen die krans. Ek sien hom hang aan die punt van die rafel en ek word gevul met heerlijkheid.

Nou moet ek net kophou, nie oorhaastig word nie. My bene is geswel, maar dis net krag en spier. Ek is in beheer, en ek gee hom kans, laat hy homself aan die rafel ophang, homself laat uitrafel. Hy hoor my en hy kyk ver dwaas om. Ek sien die verontwaardiging en die skok toe hy my doodluiters sien aankom. En nou klim hy met mening, maar dit word 'n spartel. Hy kyk weer om en die gaping is kleiner. Hy spartel en hy kruip. Hy kruip skaamteloos op sy knieë oor die rotsbanke. En ek lag, want ek het hom en ek tart hom soos 'n kat met sy prooi. En ek wag, want ek weet hy is baie naby die einde van sy draadjie.

Toe hy knak, kom staan ek by hom. “Lyk my jy't intussen besluit om nie meer geld te gaan opgrawe nie.” “Ja,” sê hy gedwee, “dis te koud. Ek gaan maar liewerste na my vriend toe wat hier bo-op die berg woon.”

“So, dan sien ek jou weer later.” Met dié woorde los ek hom daar. En my oë glinster. Ek probeer so vinnig as moontlik groter afstand tussen ons kry, vir die finale steek. Ek weet hy kan my duidelik sien, maar ek kyk nie weer om nie.

Op die kruin skuil ek agter 'n rots teen die ysige wind. Op die plato sien ek 'n kliphuisie ingekruip onder 'n paar denne en die rook uit die skoorsteen raak verstregtel in die takke.

Uiteindelik kom hy swaar om 'n rots, natgesweet en uitasem, sy sisteek in sy gesig gekerf. Hy wil nie met my praat nie. Ek het gehoop hy sal my saamnooi

na sy vriend toe, maar hy loop net dikbek verder. Hy klou nog vas aan sy splinternuwe rooi metaalverklikker.

Langs die pad terug, verkyk ek my aan die landskap, vars en dromerig soos 'n pastelskets. Die proteas bloos met wolmondjies. Verder ondertoe, waar die bosbouspanne se veldtog teen die indringers fel was, lê 'n denneboom gedissekteer, haar ingewande oop en bloot vir almal om te lees. Ek breek 'n takkie van 'n bossie af en skeur 'n sagte groen basrepie daarvan af. Al langs die pad maak ek vir my 'n bossie blommetjies bymekaar wat ek met die basrepie vasbind, een blommetjie van elke fynbosplant wat ek die oggend teëkom.

# Marigoldstraat, die 'main road' vannie scheme

*Leonard Koza*

Marigoldstraat is die hoofstraat van die behuisingskema. Die redes daarvoor is baie duidelik. Eerstens is dit die straat met die meeste winkels en smokkelhuise. Dan is dit ook die straat waarin die meeste gevegte plaasvind. There is never a dull moment in Marigoldstraat. Dit is ook die straat met die interessantste karakters en persoonlikhede. Toe Marigoldstraat nog vol plakkers was, het hulle dit Appelboord gedoop. Tot die SAP was vir die Appelboord skrikkerig. 'n Speurder van jare se ondervinding het op 'n keer genoem dat die skema baie stil sou gewees het as daar net beslag gelê kon word op al die wapens in Appelboord.

Marigoldstraat het sekere karakters wat dit laat uitstaan bokant al die ander strate. Wat belangrik is van die karakters is dat hulle soms gereed is om hul bloed te stort vir sekere beginsels: of dit nou reg of verkeerd is. Ten spyte van alles bly hulle menslik en liefdevol in vergelyking met die ander bekeerde broers en susters van die ander strate. In die ander strate loop die mense met lang en suur gesigte rond omdat hulle te ernstig is om hemel toe te gaan. Party wil nie eers groet nie, want hulle mag punte verloor en dan kan hulle nie die hemelpoort ingaan nie.

Bankie is een van die karakters in Marigoldstraat wat geen bang haar op haar hoof het nie. Sy was al vele kere opgeroep om voor die Kleurlingbestuurskomitee te verskyn: die voorsitter van die Kleurlingbestuurskomitee is oom Ransie. Die voorsitter het haar kwaai aangespreek en gesê: "Mevrou, is u getroud?" waarop sy geantwoord het: "Waarom sê dji dan Mevrou?" Die voorsitter het hom toe vererg en gesê: "Ek het gehoo' van jou, maa' ek issie bang vi' jou nie. Ek dien die Here." Bankie het toe geantwoord: "Ek het oek gehoo' van Kleurlingbestuurskomitees." Met 'n breë glimlag het sy gesê: "Ek het gehoo' hulle is die Boere se toiletpapier." Oom Ransie het so boos geraak dat hy byna 'n hartaanval gekry het. Hy het haar toe verseker: "Dji kan vi' jou klaa' maak, môre is dji uit! Ek sal vi' jou wys wat kan die Boere se toiletpapier maak met goed wat in die toilet behoort." Bankie het toe geantwoord: "Van goed wat in die toiletpot behoort te is?"

Oom Ransie het toe besluit om hom liever te bepaal by die rede waarvoor Bankie ingeroep was. “Mevrou, dji word daarvan beskuldig dat dji onwettig handel dryf en as gevolg daarvan het dji jou huurkontrak verbreek.” Bankie het haar arms gevou en gesê: “Wie beskuldig vi’ my dat ek onwettig handel dryf?” Oom Ransie het gebewe van boosheid: “Ek, oom Ransie, wat ’n lewendige God dien beskuldig jou van onwettige handel dryf.” Om beter te skel het Bankie haar hande in die heupe gekap en gesê: “Ek is baie jammer, maar ek word nie deur toiletpapier verhoor nie. Daar is baie mense wat onwettig handel dryf met suckers, lekkers, pop-corn en toffie-appels en hoekom is hulle dannie hie’ nie?” Bankie was baie boos toe sy gesê het: “As daai die geval is, dan ga’n ek na my lawyer om te ga’n hoor of ’n mens soe verhoor’ kan word.”

Oom Ransie het hom nie gesteur daaraan nie en het bygevoeg “Ek dien die Here. My Here issie bang vi’ jou lawyer of die ANC nie. Dji’s soe vol politiek; hoekom ga’n dji nie somme’ na die ANC nie.” Bankie het haar liggaam spoggerig rondgewaai toe sy gesê het: “Die ANC praat met die Nasionale Party en nie met huishondjies nie.” Oom Ransie het met sy hand op die tafel geklap en gesê: “O’s sal sien, o’s sal sien; môre is dji uit. Ek kô sit jou self uit as die witmense nie wil nie. Ek la’t nie met my mors nie. Hie’ innie kleurlingdorp is o’s baas. Ek wietie hoekô issie res van my komitee soe stil nie, is hulle ook dan bang vi’ djou.” Die res van die Bestuurskomitee was verstom en het nooit so iets verwag nie. “Dji kan maa’ sê wat dji wil, maa’ môre is dji uit. Die polisie het vir jou net te veel al uitgedra en nou weet jy skielik niks van onwettige handeldryf nie. Dji dink sieke’ ek wietie dat dji oek ’n moneylender is nie. Dis behalwe die mense se disability- en pensioenboekies wat dji agterhou as hulle jou skuld.” Bankie het gou gereageer: “Dji kan mos somme’ nou my huis kom omdol en kyk of dji ienage disability- of pensioenboekie sal kry, maa’ as dji nie kry nie, hang jou moer nog vandag aan ’n draadjie sonne ’n pennetjie. Met djou sal ek nie speel nie, sowaar as my mama. ’n Kind slaan nie ’n grootmens nie, maa’ die Here sal my nie straf as ek ’n member van die Management Committee op sy moer gie nie.” Bankies het vorentoe gemik om vir oom Ransie te gryp, maar hy was te vinnig vir haar. Hy het ’n paar meter vanaf haar gestaan en gesê: “Met my God spring ek oo’ enige muur.” Bankie het met haar vinger na hom gewys en gesê: “Djou geluk dat ek jou nie innie hande kry nie. Die Boere sou net djou stukke opgetel het.” Die res van die lede van die Bestuurskomitee het verstom gesit en kyk. Ouma Meelbol was een van die vroulike lede van die komitee. Sy kon nie die wanorde verdra nie. “Meneer Voorsit ek gaan nou die polisie roep. Ons kan nie so aangaan nie. Hulle sê alreeds ons is die Boere se toiletpapier. Voordat hulle ons opfrommel, roep ons liever die polisie. Die mense toon geen respek vir die komitee nie. Die mense wil ons nie erken nie. Meneer Voorsitter, dink jy nie ons moet maar liever bedank nie?” Bankie was in haar noppies toe sy dit hoor. “Ek stem saam met

Ouma Meelbol, djulle kan gerus bedank.” “Dame, ek is baie jammer, maar my ma het nie ’n Ouma Meelbol in die lewe gebring nie”. Bankie het net gelag terwyl oom Ransie gesê het: “Ek sal nooit bedank nie, want dan beteken dit dat ek moet swig voor die kommunisme.” Oom Ransie was nog steeds besig om te praat toe die polisie opgedaag het.

Die een konstabel het uitgeklim om te verneem waarom hulle ontbied was. Alles was doodstil, maar toe die konstabel die komiteekamer se deur oopmaak, het die rumoer hom getref soos ’n warrelwind. Bankie is so gewoon aan polisiemanne wat gereeld by haar woning klopjagte uitvoer dat sy haar glad nie aan die polisie gesteur het nie. Oom Ransie was weer baie bly toe hy die polisie gewaar en het gesê: “Daa’ kô die polisie, hulle hoo’ hoe lelik praat djy.” Bankie het vorentoe gestap en gesê: “Dink julle ek is bang vi’ die moffies. Die polisie weet, djy kan hulle nou vra; innie Appelboord se tyd het ek baie baklei dat ek kaalboude tussen hulle staan, maa’ vi’ my word nie in ’n vangwa gegooi nie. I’m very sorry,” het Bankie gespog. Die polisie het vir Bankie geken en hulle het geweet dat sy nie sou omgee om hulle in die verleentheid te bring nie. Dit was duidelik dat die polisie glad nie enige een in hegtenis wou neem nie, want dit sou net onsmaklikheid veroorsaak het. Die komitee het weer verlang dat Bankie opgesluit word. Oom Ransie en die een vroulike lid het geweldig geprotesteer. “Sy kannie vi’ o’s soe beledig nie,” het oom Ransie gesê. “Dan het sy nog die vermetelheid om vir my Ouma Meelbol te noem asof ek haar speelmaat is.” Bankie het vreeslik gelag en dit het vir oom Ransie vreeslik kwaad gemaak. “Ek ga’n na die minister met julle, want o’s staan die regering by deur dik en dun en nou wil julle nie vi’ haa’ opsluit nie. Ek ga’n ook na julle kommandant om vi’ hom te vertel van julle. Dit lyk my djulle drink daa’; daa’om kan julle haa’ niks maak nie.” Die konstabel het geglimlag toe hy sê: “Meneer, kan jy bewys wat jy nou net gesê het?” Oom Ransie het gebewe van woede en gesê: “Onthou net dat ek sal twee keer dink voordat ek weer uitkom as jy die polisie moet ontbied.” Die konstabel het in die vangwa geklim en weggery sonder nog om te luister hoe oom Ransie agterna skree: “Ek is die baas van hierdie dorp. Julle sal net kom as ek julle nodig het”. Bankie, wat eenkant gestaan het, het nader gestap en gesê: “Ek loep oek nou, want ek wil môre my lawyer ga’n sien.” Oom Ransie wat nie ver van haar af gestaan het nie het haar gehoor en toe gesê: “Djy kan maa’ na jou lawyer toe ga’n, maa’ onthou net ek is die een wat baklei het dat al die pondokkies afgegooi word en dat daa’ vi’ julle huise gebou moet word.”

Daar was ’n groot sug van verligting toe Bankie die gebou verlaat het aangesien haar betoog ander mense wat ook moes verskyn, kon beïnvloed. Oom Ransie het op sy horlosie gekyk en aan die ander komiteedele gesê: “Kan djulle nou sien hoe die smokkelaars die komitee se tyd mors. Net so mors hulle o’s mense

se lewens ook op met die gifstowwe wat hulle verkoop en as jy praat, dan moet dji hoo' hulle ga'n lawyer toe."

Mevrou Sofie Kramer was die volgende karakter van Marigoldstraat wat voor die Bestuurskomitee moes verskyn. Oom Ransie het probeer om haar eers sag te maak voordat hy haar aangeval het. "Ma-Kramer," het hy gesê, "ek het voor jou familie grootgeword en hoop net dat jy jou beter sal gedra as Bankie, jou buurvrou. Ek sou jou nie ingeroep het nie, maar die behuisingskantoor kry net te veel klagtes van jou." Sofie Kramer het haar gesig skeef getrek soos 'n skut wat korrel. Die voorsitter het probeer paai deur te sê: "O's wietie of dit waa' issie, maa' die klagte sê dat jy onwettig handel dryf, en anne mense se jong kinders by jou huis opgaan. Daar word ook gesê dat jy een vadie Raad se kamers uitverhuur en dat jy anne vrouens se mans na jou huis lok. Die bure kla gedurig van geraas as gevolg van diskopartytjies by jou huis. Jy het oek gloe kinnes van verskillende mans maa' daai's jou eie biesagheid, wil jy enige iets sê?"

Sofie Kramer het eers die hele komitee deurgekyk voordat sy begin praat het. Haar oë het stil in haar kop gestaan en sy het diep gesluk. Dit was duidelik dat sy vinnig van iets onslae wou raak. Die voorsitter het weer vir haar gevra: "Is dji sieker daa's niks wat dji wil sê nie?" Sofie Kramer het stadigies haar logge liggaam gelig en gesê: "Meneer die voorsitter, julle is mos 'n klomp moffies, djulle makeer net panties. Djulle call julleself leaders, maa' djulle skinne dan soes wasvrouens. Watse respek kan o's ordinary mense vi' julle het? Ek is haastig van die huis af sonder om my familie kos te gie. As ek gewiet het dis julle style sal ek mos nooit gekom het nie. Djulle praat van onwettige handel dryf asof ek die enigste een is in die scheme wat biesagheid maak. Ek het nog nooit ander mense se kinnes opgegaan nie. Die kinnes kom vra altyd iets om te iet en dan gie ek vi' hulle. Die blêrrie mense is te sleg om hulle kinnes kos te gie, maar hulle hardloop na julle om te kla ek gaar hulle kinnes op. Ek lok nie anne vrouens se mans na my huis toe nie. Saans speel die mans kaarte en dominoes. Moet ek nou die mans wegja? Waarom maak die vrouens nie hul mans vas met kettings nie. Is 'n mens nie toegelaat om 'n bietjie music te speel as iemand verjaar nie? Is dit hoe o'se rates gemors word om julle te betaal om my sulke nonsense te vra. Somme' vanaand skop ek my neighbour in sy moer. Hy moenie van my by julle moffies kom skinne nie." Die voorsitter het sy hamertjie gekap vir orde, maar Sofie het haar nie daaraan gesteur nie. "Ek skop julle somme; nou in julle ma se ..."

Die voorsitter het besef dat hulle niks met haar kan uitrig nie. Sy was meer aggressief as die vorige huurder. "Djulle het 'n fine cheek om te skinne van my los kinnes. Wys my 'n straat innie scheme wat nie los kinnes het nie. Ek wiet van soveel kamstige kerklike mense innie scheme wat los kinnes het. Daa'



word nou net van myne gepraat omdat my kinnes se pa baie kô visit. Djulle gie my kinnes fokkol, soe hou julle bekke van my af.”

Die voorsitter het haar mooi gevra: “Mevrou Kramer, is dji nou klaar gepraat, want ek wil oek iets sê?” “Meneer voorsitter of oom Ransie, ek is nog nie klaa’nie. Wie het vi’ djulle gekies. Omtrent tien persent van Tiervlei se mense het vir julle gekies. Djulle represent mos nie al die mense nie. Djulle is kamstig soe big deal, maa’ hie’ innie Tiervlei kry mense huise wat uit Namakwaland, Mitchell’s Plain en anne surrounding areas uitkom. Mense wat innie Tiervlei gebore is, word vertel hulle moet geduldig wees, want die waglys is lank.”

Oom Ransie se wange het gebewe van boosheid. Hy het gehakkel en gepraat met sy linkerhand op sy hart. “Ek is ’n hartlyer en die dokter het gesê dat ek nie moet kwaad word nie, maa’ mense ek voel gegrief. Mevrouw Kramer het vergeet dat ek hierdie gemeenskap meer as dertig jaar dien. Ek het by tye van stormreëns baie nagte kniediep in die water gestaan terwyl anne leiers slaap, maa’ vandag word ek so beledig. Hierdie komitee support nie Apartheid nie. Ek wiet baie min mense het kom stem, maa’ o’s kannie help as die bietjie wat kom stem het vi’ o’s gestem het nie. A’mal innie Tiervlei is nou opgemaak met ’n ANC, maa’ waa’ was hulle toe Tiervlei nog bos was?” Mevrouw Kramer het skerp gereageer en gesê: “Djulle moet glad nie praat vannie ANC nie, want hulle negotiate met die Nasionale Party terwyl julle skinne’ van my los kinnes. Djulle onderskat die mense van Tiervlei, maa’ ek sê vi’ julle; one day is one day, djulle sal nog wakke’ skrik dan is daa’ nie mee’ ’n Bestuurskomitee nie. Ek hoep julle vat note dat die mense innie Township is op van julle.”

Sy het haar handsak opgetel en is swaai-swaai daar uit.



# Brandewyn en coke special

*Ingrid Geldenhuys*

“Weet jy wat vra daai blêddie polisieman my, juffrou? Hy wou van my weet watter bewyse ek het dat daai twee skarminkels besig was om by jou huis in te breek en of ek kan bewys dat hulle nié daar woon nie. Magistraat! Van wanneer af het ’n mens bewyse nodig om jou bure te ken ...”

Dis my buurman. ’n Wonderlike ou omie met ghout in sy regtervoet, ’n be-gate swirlkous op sy weerbarstige rooikop en ’n mond wat breed glimlag om die goudsplitte te laat vonkel. Maar dierbaar. Die nie-amptelike brandwag-bobbejaan van die buurt as ons almal in die werk of met vakansie is.

Dié dag van die inbraak gewaar einste buurman van oorkant dat die buurseun van langsaan die straat patroleer. “Patrolleer” is buurman se woord, want dis geen geheim dat dié leeglêer, wil-nie-werker net vir kwaadgeld rondloop nie. Hy is betrokke by ’n bende en omdat hy alewig by die huis is, weet hy presies wie is wanneer nie tuis nie en by watter huis is dit veilig om in te breek. Uit dié eenmanpatrollie is dit vir buurman duidelik dat iets aan’t broeie was en sy uitkykinstinkte staan op aandag! Teen 19h00 hoor hulle die kenmerkende sein-fluite van die bendes. Buurman stap uit en sien twee wildvreemde jongmans op my stoep. Hy stap nader, wetende dat ek met vakansie is, en vra wat hulle daar soek, want hulle hoort nie daar nie.

“Wat weet oom, ons pas die huis op.” Maar buurman wis dis ’n liegstorie en sê hy gaan die polisie bel. Toe verdwyn hulle. Maar hy voel nie gerus nie. Later die aand merk hy bewegende figure binne die huis op, en al die ligte is skielik aan. Hy skakel onmiddellik die polisie om te sê ’n inbraak is besig om op daai oomblik plaas te vind. Hulle kom en buurman en vroulietf stap saam met hulle by die oop agterhek in om hulle onkant te vang. Daar kry hulle dieselfde twee jongmans lustig aan’t drinke in my voorhuis. Hulle is so tuis soos twee huisbrakke.

“Dis die Here se waarheid, juffrou. Ek’t hulle met my eie oë gesien. Hulle’t daar gesit met ’n bottel Klipdrift en ’n halwe bottel Coke,” sê die antie.

Die seuns sê nee, hulle hoort daar, hulle het dan vir die oom gesê. Die oom sê issie en sy ghout beginne pyn, so kwaad raak hy. Dis nou waar die bewyse-storie inpas. Die oom sê hulle is besig om te steel, kyk hoe lyk die plek. Nee, sê hulle, hulle het partytjie gehou, dis waarom dit so deurmekaar is. Sê die man van die gemeenskapspolisie: “Maar as meneer dan dink hulle steel, hoekom arresteer meneer hulle dan nie self nie? Ons het in elk geval nie nou tyd om ’n saak te maak nie. Ons moet nog na ’n ander inbraak hier anderkant gaan. Maar ons sal die manne se name vat just in case ...” En daar ry hulle, los die diewe net daar vir die oom om te arresteer. Toé pyn die oom se ghout. “Juffrou, ek sou so graag wou, maar die voet was nét so hoog opgeswel,” en hy beduie amper so ’n halwe meter van die grond af. “Maar ek dink ek gaan dit nie daar los nie, juffrou.” Hy bel sy seuns en hy skakel weer die polisie. ’n Ruk later kom die twee konstabels weer daar aan en die oom se twee seuns ry saam na die adresse van die twee jongmans. Dis nou nadat hulle oorkant was en gesien het daar is ingebreek.

Die twee knape woon net ’n paar strate weg. Die een, ten volle gekleed, maak die deur oop en sê hy slaap lankal. Die ander een maak oop, das om die nek en dikdronk. “Seker die Klippies,” voeg die antie tussenin. Hy slaap al la..a..a..nkal. “Sien,” sê die man van Korrektiewe Dienste, “dit kan nie hulle wees nie. Hulle slaap al la..a..a..nkal.”

\* \* \* \* \*

Ek skrik vervaard wakker en sit regop om te sien waar ons is. “Ons is nou net by George verby,” sê die bestuurder van die kombi. Ons is op pad terug vanaf Port Elizabeth waar ons vir ’n paar dae gaan kerjakkert het. Die res van die toergeselskap lê ook nog en slaap. “Kan ons nie in Mosselbaai stop sodat ek gou kan huis toe bel nie?”

Pappie tel die telefoon hygend op en tussen stotterende asmatiese hygkrete leer ek dat alles nog o.k. was toe hy die vorige dag gaan kyk het of my huis nog o.k. is. Maar daar’s knaende onrus wat maar nie wil gaan lê nie.

Ons ry die Kaap omtrent 22h30 binne. Die reën val in triestige slierte oor die voorruit. Toe ons die draai vat, sien ek al die ligte van my huis brand. Ek het hulle beslis nie aan gelos nie. Ek klou my sleutel krampagtig vas terwyl ek na die voordeur stap. “Wil julle nie maar solank in die kombi wag nie.” Hulle het my eerste kom aflaa. Die deur swaai oop nog voordat ek die sleutel kan draai. Die stank van katte en urine sypel my neus binne. Die grootste chaos wat jy jou kan voorstel, begroet my. Oral lê goed rondgestrooi. Al wat deur my gedagtes flits, is my rekenaar. Laat hy tog daar staan waar ek hom gelos het. Soos altyd wanneer ek uit was, dryf die obsessie my om te gaan seker maak dat hy getrou vir my staan en wag. Die hy in my lewe met wie ek al my gedagtes deel ... die

middelpunt van my bestaan. My kamerdeur is oopgebreek. Die kat spring miaauende van die bed af en hardloop die kamer uit. Stadig dwaal my oë na my rekenaar se staanplek op die lessenaar. Hy's nie daar nie, sy rooi oog sal my nooit weer hallo sê nie.

Ek draai om, niks maak verder saak nie.

Toe eers raak ek bewus van die res van die vakansiegeselskap wat stilswyend in die deuropening staan. "Is jy okay", vra iemand. Verslae gaan sit ek midde-in die chaos en probeer inneem wat my getref het. Elke denkbare laai en kas is uitgegooi. My leefruimte, my werkruimte gerelegeer tot 'n urienstinkende rommelhoop. Wat van my kosbare skoeneversameling? Soos 'n wafferse Imelda Marcos het ek 'n maniese passie vir skoene – lelukes, grasgroenes, skokpienkes, beblomdes, beblinkertjiedes – ag, sommer net oor hulle vir my mooi is en elkeen 'n eie storie vertel. Ek onthou die grasgroen paar, die "patent leathers" wat ek gekoop het voor ek weg is. Ek maak my skoenekas oop ... daar's niks in nie. Ek smyt die papiere eenkant toe. Asseblief, Here, net die groen paar. Dis ook weg. Wat wil hulle daarmee maak? Dis dan so lelik?! Dis net ek wat dink hulle's pragtig. Trane biggel oor my wange.

Die opname van wat weg is, is skrikwekkend. Ek is 'n alleenloper en het oor die jare my arsenaal van huisware en kantoor-ameublement goed aangevul. Maar dis nou alles weg: rekenaar, antwoordmasjien, faks, diktafoon, mikro-golf, twee leerbaadjies, ketel (dis so oud, dis moeilik om water daarin te kook), glastopstoof, lêers, handsakke, floppies/stiffies, koordlose telefoon ... Te veel om te noem. Net dit waarop ek my hoof moet neerlê, het oorgebly. Die lewe wat ek vir myself gebou en bymekaargemaak het, is in een orgie van waansin uitgetippex. Asof dit nooit bestaan het nie. Ook my onderklerelaai is gefynkam. En hulle het nie sommer enige ou bloemer gevat nie. Nee, die sexy goedjies wat in stelletjies kom. lewers loop iemand met my onderklere rond. Gr...r...il..

Ek staal my vir die vraag op almal se lippe. "Het jy versekering?" NEE! gil my siel terug. Dit gebeur tog net met ander mense. Spottend lê die oningevulde versekeringsvorm bo-op die gemorshoop vir my en loer. Ek het nooit sover gekom om dit in te vul nie.

My gedagte-rat kom krakend in beweging. Ek hoor die skarniere ... ek moet oproepe maak. Die polisie, my pa, my familie, my vriende ... Dit kan maar seker nog 'n nag wag tot môre-oggend. Niemand kan tog nou enige iets doen nie.

Die nuus het egter deur die nag soos 'n ondergrondse struggle-boodskap versprei. Elke keer as die telefoon lui, moet ek van vooraf begin. "Jammer oor

wat met jou gebeur het. Het jy versekering? Ek” “Dankie. Nee. Alles.” Dit voel soos ’n begrafnis. Ek kan dit later nie meer verdra nie, vat my laaste geld en gaan koop ’n antwoordmasjien. Die boodskap? “You’ve reached the ransacked home of Miss X. If you want to have a soup kitchen at this address, please do so. They’ve even cleaned out the freezer. Instead of sympathy, please leave a donation after the beep.” Die gelui het nie opgehou nie. Nie dat ek ondankbaar is nie, intendeel, dit het my eerder op my knieë gedwing (miskien was dit die Goeie Vader se toetsrede, waarom dié ding met my gebeur het) om dankie te sê vir die wonderwerk van vriende. Nou vir die Korrektiewe Dienste wat gebuk gaan onder titels soos Gemeenskapsvriendelike polisiemag, Misdaadvoorkomingsforums, ens. Ek skakel hulle om te hoor of iemand die inbraak aangemeld het, want die predikant wat oorkant my bly se seun sê hy het die polisie ontbied, so kan ek asseblief met die persoon gemoeid met die inbraak by dié adres gesels. Hulle weet nie van ’n inbraak nie.

Niemand het hulle ontbied nie. Huh? Ek moet dan maar ’n klag lê en dan sal hulle kom ondersoek instel. Ek lê toe ’n klag. Toe die polisie daar aankom, voorsien ek hulle van ’n telefoonnommer, wat die diewe blykbaar langs my telefoon vergeet het, om hulle met hul saak te help. Ewe behulpsaam is ek. Hulle sal op die saak ingaan; hulle stuur onmiddellik die speurders. Konstabels, speurders? Ek verstaan nie die “pecking order” nie. Twee jong knape kom volgende. Die een spring rats oor die agterste muur en Voila! Daar lê twee swartsakke en toe hulle dit oopmaak, is dit vol skoene. Dis net God se genade dat die vulliskarweiers dit nie weggeneem het nie, want dit was juis Maandagoggend en Maandag is vullisdag. “Is jy familie van Imelda Marcos, juffrou?” Ek dink glad nie dis snaaks nie, maar gaan nogtans histories aan die lag. Uit pure verligting of ’n wrang vorm van geregtigheid? Al wat vir my op daardie oomblik sin gee aan my bestaan, is die paar groen skoene wat ek styf teen my bors vasdruk.

Geen vingerafdrukke word geneem nie. Hulle is daar weg met ’n lys van wat teruggevind is. Die volgende oggend, 08h00, is daar ’n ander speurder. “Goeie môre, het hulle hier ingebreek? Waar het hulle ingekom?” sê hy in een asem. “Daar is geen ruit gebreek of teken van geforseerde toegang nie,” antwoord ek. “Sjoe”, sê hy. Binne een minuut stap hy dwarsdeur die huis en sê toe sonder enige verdere woord tot siens. My mond hang oop en ek moet my kaak met my hand toedruk. Nog steeds geen vingerafdrukke ... tot op vandag nie.

Intussen skakel my vriendin wie se nommer Pappie aan die polisie gegee het as kontakpersoon totdat ek terug is. “Het jy jou goed gekry?” vra sy. Kalm ... kalm ... “Watter goed?” waag ek versigtig. Die blitspatrolie het haar die nag van die inbraak geskakel en gesê sy moenie worry nie, sy moet vir haar

vriendin sê hulle het die twee outjies gevang en die goed teruggekry. Ek moet dit kom uitken sodra ek terug is. Hy skakel van Maitland-polisiestatie.

My hart ... sing. Ek gaan my rekenaar terugkry! Sy kom gou oor en ons twee gaan aan't bel. Nee, sê die polisieman vies by die Maitland-polisiestatie, hulle weet van geen so 'n oproep nie. Geen regdenkende polisieman sal so 'n oproep maak nie. Hy sal gaan seker maak in die K-watsenaam, maar hy is seker dis iemand wat 'n grap wou maak? My vriendin raak rooi. Natuurlik het iemand van die polisie haar geskakel. Sy's mos nie befok in haar kop nie. Iemand lieg en dis beslis nie sy nie. Hulle gee ons die telefoonnommers van ander polisiestaties om te skakel en verwys my terug na Bellville-polisiestatie waar die saak aangemeld is. Bid jou aan, ons moet die speurwerk doen. "Meneer, sersant, of wie jy ook al is, as ek 'n speurder wou gewees het, sou ek nie skoolgegaan het nie," kap ek terug, want toe is ek moerig.

"Dis jou opinie, juffrou."

Ons spring in my vriendin se motor en ry na Bellville-Suid se polisiestatie. Wat daar gebeur, is lagwekkend, om die minste te sê. Nêrens in die K-watsenaam is so iets aangeteken nie. In elk geval, sê die luitenant op sy onbeskofste, hulle rekenaars was die naweek af. Die land is lamgelê deur misdaad, hulle rekenaar is af. Nou't ek als gehoor. Die moer in. My termometer is na aan kookpunt. Nêrens sal dit dus op rekord wees dat daar iewers gesteelde goedere ingegee was nie. Ons moet maar wag tot hulle die geskrewe K-items vir die rekenaar gevoer het, dan sal hulle my skakel.

Ek wag nou nog.

As die een sê hy weet nie, lyk dit die ander sê in 'n koor agterna hulle weet nie. Toe stap die kaptein in, hy is swart, en skielik loop daai onbeskofte wit polisieman oor van vriendelikheid en lek hy asof hy 'n seël lek.

Ek weier egter om verlei te word. Ek is al jarelank in die struggle. Maar nie eens die kaptein se tussentrede het hulle tot aksie opgekommandeer nie. Skakel ek hulle kantore, is die man gemoeid met my saak op verlof. Hy het nou nog nie met my kontak gemaak nie. My rekenaar staan op iemand anders se lessenaar, iemand anders dra my onderklere, spog in my leerbaadjie, drink koffie met water gekook in my ou ketel. Ek is uit my huis gedryf, my lewe is gestroop, my privaatheid is gewelddadig verkrag. Die misdaadafdeling se rekenaars is naweek-af.

Nie eens my groen skoene loop meer lekker as ek hulle aantrek nie.





# Liefde leef ... boemelaar of te not

*Abigail Smith*

“Middag! Middag, miesies Lea! Die Baai is mooi vemôre, nê? Ek wou maar net vra, miesies Lea, hoe lyk dit met ...” Groot ou Lea Steenkamp gee Jan Balie net een hooghartige kyk vanuit haar effens té brilletjie vir háár aristokratiese neus.

Met ’n vinnige tred stap sy weg van die man wat sy voor haar sien grootword het. Die man met die lang maer, maar tog stewige liggaamsbou wat vroeër jare deur talle bakvissies begeer was, ten spyte van die Bybelse skrywe oor begeerte.

Hy gee een harde sug as hy miesies Lea sien wegstap, want ken hy wat Jan Balie is dan nie nou al ná jare se bedel die mense van Kalliesbaai nie. Die Samaritane wat hom laat beseft dat God nie slaap nie én die suiniges wat altyd maak asof hulle Jan Balie van g’n kant ken nie en haastig op pad na een of ander belangrike afspraak is.

Ja, nee wat! Jan Balie ken sy mense asof hy hulle gemaak het.

“Hêy! Ou Jannie, issit al weer een van daardie dae?” skree ’n man met ’n blinklyfsnoek in sy hand op pad na êrens.

“Ja man. Is mossie elke dag Krismis op Kalliesbaai nie, jong. So gaan dit maar met Jan Balie!”

Die man stap weg nog voor Jan Balie ’n stukkie vis kon bedel, maar ’n ou gryskopvrou wat met haar vriendelike plooiësig en vlesige mond ’n tien-sentstuk in sy hand stop, verhinder hom om weer sinies of verbitterd te word.

As hy gaan sit op sy blik op die stoep van Mister Willems se kafee, stap ’n kort mollige vroujie op hom af. ’n Hemelse prentjie!

“Môre Jan,” sê sy as hy opkyk en sy sien die spot in sy oë of is dit vermaak? Tog, wat maak dit vandag nog saak? Haar en Jan se lewens het nou eenmaal vyftien jaar gelede elkeen sy eie koers ingeslaan.

“Môre Katy,” sy stem is hard en die pyn kruip in sy oë al is sy stem ook half

spottend, “is die lewe dam nog orraait of moet ek jou bietjie trugsit innie liewe?”

Katy Willemse vererg haar nie oor Jan se opmerking nie; sy ken hom veels te goed om sy woorde van flussies ernstig op te neem. “So asof jy nooit die enigste mens was wat Jan Balie se diepste menswees geken het nie!” dink Jan as Katy uitdrukkingloos voor haar uitstaar.

Twee siele was amper een totdat sy gaan trou het met ’n ryk man van die Kaap. Sy en haar man kom woon toe boonop in Kalliesbaai, só naby aan die gebroke Jan Balie.

As Katy die Willemse se winkel binnegaan, kan Jan nie help om die lyf wat eens syne was, agterna te kyk nie. “Hoe mooi het sy nie geword nie. Die volheid, ja die volheid was maar altyd daar.”

Hy wonder soms oor hoe sy lewe sou gewees het as hy vyftien jaar gelede met sy jeugliefde, Katy, getrou het. Sou sy nog altyd so pragtig gewees het. Of sou swaarkry haar ouer laat lyk het ...?

Hy was pas mondig, sy agtien en in die fleur van hul lewens. Sorgeloos en ongebonde soos net die jeug kan. Vry om die liefde van die jeug te ervaar.

Hy was skipper van “Groot Katy” die boot van Katy se pa, mister Willemse, die man wat byna elke koninkryk op Kalliesbaai besit. Sy het pas begin skoolhou vir die Kindertuin en kan nog bloos soos geen ander meisie op Kalliesbaai nie. Die twee van hulle sou trou sodra Jan genoeg gespaar het vir ’n redelike huis om nie die Willemse se status te beledig nie.

“Die Balies is arm mense” het die vrouens van Kalliesbaai altyd geskinder. “Mense wat ’n troue van hul seun met ’n ryk dogter sou goedkeur, terwyl die Willemse vals genoeg was om net hulle dogter se geluk so te wil verseker.” Tog kon nie die Balies óf die Willemse keer dat Katy wegliep met ’n Kaapse man en later geboorte gee aan ’n pragtige seuntjie nie. Nie eens toe Katy en haar nuwe familie hul intrek neem by haar pa se strandhuis nie. Nog minder kon die Kalliesbaaiers Jan Balie keer toe hy ná tien jaar sy vissersmanslewe vir ’n stoepsitlewe by die Willemse se kafee verruil.

Die see bring te veel herinneringe terug van sy dae as jong klong saam met sy jeugliefde. Sy grootste geskenk, Katy Willemse! ’n Geskenk wat sommer so sonder waarskuwing weggeruk is uit sy lewe. ’n Geskenk wat gebly het in sy hart, siel en oë wat onbewustelik oral tussen mense soek.

Jan Balie ruk as hy die nou al bekende voetstappe van sy enigste liefde hoor nader kom. As sy by hom wou verbyskuur so asof hy nooit die “magic” in haar jongmeisiedae was nie, gryp hy haar vas. En as sy skrik, tree Jan nie weg nie,

maar bring haar al nader aan hom. Hy trek haar vas, Katy sien die baardstoppels, die bruingebrande gesig en ontmoet die oë van 'n nou ouer man. Sy sien die lig daarin, vermeng met 'n bietjie spot.

Dan ... Twee paar honger lippe vind ná vyftien jaar weer die wonder van die vlees saam met die gees. Twee siele word weer een, soos destyds. Twee harte herleef weer die wonder van lig.

As Jan die lieflike vrou uit sy arms laat gaan, steier sy amper agteruit en stap twee treë terug.

“Here Jan!” Dis 'n uitroep van seer, van liefde! Die twee mense se oë ontmoet, hulle weet dit albei eens: “Liefde leef nog na al die hartseerjare!”



# Frans Mouton se tuiskoms

*Edwina H. Fransman*

Annette, 'n aantreklike donkerkop, stap op 'n lieflike Saterdagoggend in Parow se hoofstraat. Sy is op soek na 'n apteek wat afslag op spesiale produkte bied. Skielik steek sy vas. Voor haar sien sy 'n bondeltjie vodde. Sy skreef haar oë om beter daarna te kyk.

“Maar dis dan 'n mens!” sê sy.

Eers toe die bondeltjie-mens opkyk, besef Annette dat sy hardop gepraat het. Die grys oë wat na haar opstaar, is so vol leed dat sy daarvoor skrik. In haar hele negentienjarige bestaan het sy nog nie so 'n verwese skepsel teëgekom nie. Toe sy besef dat dit 'n bedelaar is, wil sy eers 'n paar muntstukke in sy hand stop, maar besluit dan daarteen. Sy buk af na die bedelaar en vra:

“Wat is jou naam en waar kom jy vandaan?”

“Dit maak nie saak nie, juffroujtjie.” antwoord hy. “Ek soek net 'n geldjie vir kos en sigarette.” Annette, wat self baie hardkoppig kan wees, ignoreer sy pleidooi en herhaal haar vraag.

“Frans Mouton.” antwoord die bedelaar baie onwillig. Annette deins 'n tree terug, verstom!

“Het jy gesê, Frans Mouton?” vra sy hees. “Is jy seker dis jou regte naam? Waarvandaan kom jy dan?” wil sy nou dringend weet. Frans verstaan nie die meisie se getorring nie, maar hy begin nietemin sy storie aan haar te vertel.

“Dit was sowat tien jaar gelede dat die ongeluk my getref het. Ek was 'n gesiene man in die gemeenskap. Ek was ouderling in die kerk en 'n liefdevolle man en vader.”

Annette is meegevoer deur sy vertelling, tog bly sy nugter.

“Jy was dit alles!” sê sy verwonderd.

“Ja. By die skool, waar ek Afrikaansonderwyser was, was ek baie gewild, veral onder die kinders. Tot op daardie noodlottige Vrydagmiddag ...” Frans bly opeens stil.

Annette kyk hom vraend aan.

“Wat het dan daardie dag gebeur?”

Frans Mouton kyk haar stip aan, haal diep asem en vertel verder.

“Ek was op pad huis toe na ’n vergadering by die skool daardie middag. Soos gewoonlik was die straat waarin ek gebly het, vol kinders en honde. Skielik het ’n hond oor die straat gehardloop. Terwyl ek nog na die hond gestaar en probeer vermy het, het ’n kind van nêrens voor my motor verskyn. Dit was te laat om te rem. Die volgende oomblik het ek net die slag gehoor ...”

Annette, wat so intens na die man staan en luister, kom skielik agter dat haar gesig nat is. Sy word ook bewus van die mense wat op en af verby hulle beweeg. Sy vee oor haar gesig met ’n snesie en vra Frans om verder te vertel. Hy is self verwonderd oor die kind se vreemde reaksie.

“Die dogtertjie was op slag dood. Soos te verstane was daar ’n hofspraak. Alhoewel ek onskuldig bevind is, het die gemeenskap my nie vrygespreek nie. Ek kon myself ook nie vergewe nie, al het ek geweet dat dit nie my skuld was nie.”

Frans klink nou so pateties en gebroke dat Annette vinnig afbuk en sy vuil hand in hare neem.

“Natuurlik was dit nie jou skuld nie, Pa.” sê sy sag.

Frans se kop ruk so vinnig op dat sy nek eintlik seerkry.

“Pa! Het jy my Pa, genoem? Wie is jy juffrou?” vra hy oorbluf.

“Ek is jou dogter, Annette. Onthou jy my nie meer nie? Ons was dan sulke goeie maats. Die laaste keer dat ek jou gesien het, was ek byna tien jaar oud. Jy het net skielik verdwyn en ons agtergelaat. Waarom?” eis sy nou van hom.

“Ja, my kind, ek het net verdwyn. Ek kon nie meer met my gewete saamleef nie. Jou ma het my ook kwalik geneem. Haar vriendinne wou haar skielik nie meer ken nie. Ek weet dat ek nie regverdig teenoor julle was nie, maar ... dit was al uitweg. Ek het op straat beland en begin bedel om aan die lewe te bly.”

Annette, wat nog al die jare na haar pa verlang het, gooi haar arms om sy nek. Sy skrik toe sy voel hoe maer sy bolyf is. Sy besluit daar en dan om vandag nog haar mense bymekaar te bring.

“Pa, sal jy asseblief saam met my huis toe kom?” vra sy dringend.

Frans skrik effens. Hy kan dit nog nie glo dat sy lieflingsdogter hom gevind het nie. Maar wat sy nou wil doen, verstaan hy nog minder!

“Kind, wil jy ’n ou vuil bedelaar huis toe neem? Wat gaan jou ma sê? En Heleen en Wimpie? Ek kan dit eenvoudig net nie doen nie. Moet my asseblief ook nie dwing nie.” smEEK hy.

Annette kry ’n vasberade trek op haar gesig. Sy kyk Frans Mouton vas in die oë.

“Jy is my pa. Jy het tien jaar gelede net verdwyn. Hoe dink jy het ons gevoel! Kyk wat het jy aan jousef gedoen. Dink jy nie dis nou tyd om op jou spoor terug te loop nie? Mammie en die ander twee sal jou met ope arms verwelkom.”

Frans sien die smeking in sy dogter se gevoelvolle oë. Hy besef skielik dat hy sy gesin werklik die afgelope tien jaar gemis het. Frans neem Annette se hand.

“Kom ons gaan, my kind. Ek weet nou waar my lojaliteit lê.”

Annette, wat al weer vergeet het waar sy haar bevind, gooi haar arms om die bedelaar se nek en soen sy wang.

“Kom, Pa, Mamma se motor staan ’n paar strate verder. En Pa, ek is baie trots op jou.” sê sy. Onbewus van die verbaasde voetgangers, stap die twee hand aan hand die straat af. Annette het heeltemal vergeet van die apteek waarna sy op soek was.

Die afstand na die huis word in rekordtyd afgelê. Sy is so opgewonde dat sy nie eens wonder oor haar ma se reaksie nie. Wat vir haar saak maak, is die feit dat sy haar pa na al die jare opgespoor het.

Rika, Annette se ma, is besig om blomme te pluk toe die motor stilhou. Sy kyk verbaas op toe sy sien dat ’n tweede persoon uit die motor klim. Toe sy sien hoe vuil en verflenter die wese daar uitsien, wil sy haar eers vererg. Sy besef dan dat haar dogter ’n baie goeie rede vir die man se teenwoordigheid moet hê. Die lang skraal vrou merk toe eers die stralende uitdrukking op Annette se gesig. Rika loop solank die huis binne en wag die twee in die sitkamer in. Sy skrik merkbaar toe sy die bedelaar van naderby sien.

“Frans, is dit jy?” kom dit byna fluisterend van haar.

“Ja, Riekie, dis ek. Ek is jammer dat ek jou so laat skrik, maar ons dogter het aangedring dat ek huis toe kom.”

Rika staar net na Frans. Skielik bars sy in trane uit. Sy kan regtig nie glo dat sy hom na soveel jare weer sien nie. Hy neem gretig die goedversorgde hand wat sy na hom uithou.

“Riekie, ek kan nie glo dat jy nog so pragtig lyk na al die jare nie. Kan my my vergewe vir wat ek julle aangedoen het?”

Rika se gesig verhelder in ’n mooi glimlag. “Ek sal jou enigiets vergewe, my man. Jy is ook welkom om weer by ons te kom bly.”

Intussen het Annette die ander kinders gaan roep. Die vyftienjarige Heleen en die elfjarige Wimpie kyk Frans verwonderd aan. Hulle kan nie glo dat die vuil bedelaar hul pa is nie. Die bekkige Wimpie fluister aan Heleen:

“Die spreekwoord sê mos: Mens kan jou vriende kies, maar beslis nie jou familie nie!”

“Ek hoop nie ons vriende sien hom terwyl hy so lyk nie!” fluister Heleen terug. “Ons sal so-iets mos nooit oorleef nie.”

As Frans Mouton sy seun en dogter groet, krimp hy ineen. Sy eie kinders is vir hom vreemdelinge! Hy sal beslis hard aan hul verhouding moet werk.

Nadat Frans gewas is en skoon klere aanhet, lyk dinge aansienlik beter. Almal voel meer op hul gemak. Annette lyk baie in haar skik met haarself. Sy glimlag van oor tot oor en kan nie genoeg na haar pa kyk nie. Tien jaar is darem ’n lang tyd.

Rika en Frans sit op die rusbank met hul hande inmekaar gevleg. Daar is baie dinge om uit te pluus. Ook besef hulle dat baie probleme nog sal opduik, maar hulle is nou bereid om dit saam die hoof te bied.